

KINDERKERK LES - Die Bybel - Wees versigtig

Doel van les:

- Kinders gaan in hierdie les leer dat dit belangrik is om die Bybel te ken, want daar is valse onderwysers in die wêreld wat vir jou wil jok rondom reg en verkeerd.

Ysbreker 1: Hindernisbaan: Deel die klassie in 2 spanne. Blinddoek al die kinders en laat hulle deur 'n hindernisbaan stap wat jy voor die tyd opgestel het. (Jy kan stoele, bokse, emmers, enige iets in die area pak.) Laat die volwasse groepleiers saam met hulle stap en die kinders waarsku deur te sê: Pasop hier is 'n stoel, pasop hier is 'n boks voor jou ens.

Ysbreker 2: Waarskuwingstekens: Wys 'n aantal waarskuwingstekens vir die kinders en kyk wie kan raai waaroor die tekens hulle waarsku.

Maatjies as ons rondkyk sal ons elke dag rondom ons tekens sien wat ons waarsku. Waarsku beteken pasop daar is gevaar. Jy kan skok, brand of daar is karre wat jou kan omry. Dalk het julle al hierdie tekens gesien wat ons nou nou oor gepraat het. Wanneer jy op die sypaadjie stap en daar is 'n teken op 'n hek van 'n huis wat sê: Pasop vir die hond, wat gaan jy doen? Gaan jy die hek oopmaak en ingaan en gaan kyk of daar 'n gevaarlike hond daar bly? Nee, ek dink nie so nie. Ek dink nogals julle sal eerder daar verby stap.

Wat van jy stap by Baywest of Greenacres en daar is 'n teken wat wys: Pasop die vloer is nat? Jy sal mos baie stadig en versigtig daar loop sodat jy nie val en seerkry nie.

Dit is baie goed dat ons sulke tekens rondom ons het. Dit hou ons veilig en dis baie slim van ons om na hulle te luister.

Weet julle dat Jesus ook in die Bybel Sy vriende, die dissipels, gewaarsku het?

Markus 13:5: "Julle moet versigtig wees," sê Jesus. "Daar sal mense kom wat sê dat hulle Ek is. Baie sal hulle glo."

Jesus het vir Sy vriende gesê dat daar valse mense sal wees wat ander sal probeer verkeerde dinge leer oor Jesus.

Kom ons gesels gou oor wat vals beteken. Hou 'n regte R20 op en dan die R20 wat saam met die les kom en wat vals is. Watter een dink julle is die regte R20 en watter een is nie? Ons sê die een is eg en die ander een is vals. Dit lyk soos 'n R20, maar wanneer jy mooi kyk sien jy dis eintlik glad nie die regte ding nie.

Jesus het gesê dat daar mense gaan wees wat soos daardie valse noot is. Hulle lyk asof hulle Jesus volg, en die Bybel lees en 'n goeie lewe leef, maar wanneer ons mooi kyk sal ons sien dit is

nie so nie. Party sal selfs kom en sê hulle is Jesus. Hulle wil dan hê dat mense eerder na hulle moet luister as na Jesus en die Bybel.

Vandag gebeur die dinge nogsteeds. Daar is mense wat maak asof hulle Jesus is en vir mense vertel dit wat reg is, is verkeerd en dit wat verkeerd is, is reg. Hulle maak asof hulle dinge weet, wat eintlik net God sal weet.

Wat moet ons dan doen? (Kry terugvoering by kinders) Kom ons speel 'n speletjie om die antwoord te kry.

Aktiwiteit: Voetspore: Voor die klas begin, plak uitgeknipte voete in paadjies wat lei na 'n mandjie met Bybels in. Maak soveel paadjies met die voete soos jy wil, maar al die voete moe lei na die mandjie met Bybels. Laat die kinders in rye staan by 'n voetspore paadjie en dan op die voetspore stap om by die mandjie uit te kom. Laat hulle kyk wat binne-in die mandjie lê en gaan sit.

Wat dink julle is die antwoord? Ons moet wegstap van die valse mense, Jesus volg en seker maak ons ken ons Bybels. Wanneer ons regtig weet wat in ons Bybels staan, sal ons nie verkeerd geleer word deur valse mense nie. Ons sal weet wanneer hulle vir ons jok.

Aktiwiteit (indien daar tyd is): Sê: Ons moet lief raak vir Bybel lees en die woorde in ons hartjies hou. Tannie wil julle vandag waarsku oor daardie valse mense wat verkeerde dinge vir jou wil kom vertel oor God, Jesus en die Heilige Gees. Ken jou Bybel en lees dit elke dag.

Gee vir elke kind 'n blaai met 'n Bybel op en 'n hartjie. Laat hulle die Bybel en hartjie inkleur en dan die hartjie op die Bybel plak.

Sluit af met gebed in groepe.





Flammable
Symbol



shutterstock.com • 1184272903

Moenie vat nie





